

**SAAM-PRAAT-PAPIER 13 NOV 2016**

## VAN KAALNAELER TOT KRAGTIGE GETUIE

Mar 14:45-52 Toe hy dan daar kom, het hy reguit na Jesus toe gegaan en gesê: “Rabbi!” en Hom met 'n soen gegroet. (46) Die ander het vir Jesus gegryp en Hom gevange geneem. (47) Een van dié wat daarby gestaan het, het 'n swaard uitgepluk, daarmee na die slaaf van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap. (48) Jesus sê toe vir die mense: “Het julle met swaarde en stokke gekom om My te vang asof Ek 'n rower is? (49) Dag vir dag was Ek by julle besig om die mense in die tempel te leer en julle het My nie gevange geneem nie. Maar die Skrif moet in vervulling gaan.” (50) Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop. (51) 'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan, met net 'n doek om sy lyf. Die mense gryp hom toe, (52) maar hy het die doek gelos en kaal weggehardloop.

Hnd 13:13 Paulus en sy reisgenote het met 'n skip van Pafos af vertrek en by Perge in Pamfilië aangekom. Daar het Johannes hulle verlaat en na Jerusalem toe teruggegaan.

Hnd 15:36-40 'n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: “Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het.” (37) Barnabas wou vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamneem. (38) Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie. (39) Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met 'n skip na Siprus toe vertrek. (40) Paulus het vir Silas gekies en vertrek, nadat hulle deur die gelowiges aan die genade van die Here toevertrou is.


Kol 4:10 Aristargos, wat hier saam met my gevange sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef van Barnabas. Oor hom het julle reeds opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet julle hom gasvry ontvang.

Flm 1:22-24 Hou sommer ook vir my huisvesting gereed, want ek hoop dat God, in antwoord op julle gebede, my aan julle sal teruggee. (23) Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus 'n gevangene is, stuur vir jou groete; (24) ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete.

Flm 1:22-24 Hou sommer ook vir my huisvesting gereed, want ek hoop dat God, in antwoord op julle gebede, my aan julle sal teruggee. (23) Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus 'n gevangene is, stuur vir jou groete; (24) ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete.

1Pe 5:13 Die gemeente in Babilon, 'n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete.

**Saam-praat:**



**1 Johannes Markus het kaal weggenael van Jesus af, hy het gedros weg van Paulus en Barnabas asook skeuring veroorsaak tussen Paulus en Barnabas. Op watter maniere kan ons Jesus en die saak van God in die steek laat ?**

**2 Bespreek die stelling: die Here Jesus spesialiseer in herwinning van mense se “lewensrommel” en/of “rommellewens”**

**3 Ten spyte van alles word Markus die kragtige getuie van Jesus, deur die evangelie van Markus te skryf. Watter boodskap van hoop en genade hou dit vir jou en my in ?**